**G12 V2 MEMO PROEFEKSAMEN AUG. 2021**

**4.1 woonstel (1)**

**4.2.1 Hulle herhaal die woord, "vee" drie keer in een sin. (1)**

**4.2.2 Sy moet die tydskrifte regpak/sy moet die botteltjies op die trollie afvee en regpak/hou die kombuis skoon/hou die afspraakboek op datum/ antwoord die telefoon. Nie: was hare/vee nie (1)**

**4.3.1 Sy moet kos koop vir die huis, sy spaar geld om oorsee te gaan (2 redes) (2)**

**4.3.2 By Malie se tuin, was tant Malie onredelik en Lien het bedank. By die haarsalon het Sue-Ellen besluit om vroeër terug werk toe te kom en Lien het haar werk verloor. (2 redes) (2)**

**4.4.1 Sy drink baie wyn. (1)**

**4.4.2 Hy kyk ou gesinsvideos/hy bring meeste van die tyd deur by Deon se Huis/hy kyk baie TV. (net 1) (1)**

**4.5 C (weg te vlug oorsee) (1)**

**4.6.1 The Breakfast Club (1)**

**4.6.2 Sy speel Maria/weird Maria (1)**

**4.7**

- **Lien ontmoet vir Kuifie en vind hom te lig.**
- **Braam vra vir Dirkie en Donovan vir borgskap.**
- **Miemie nooi Lien na die Wimpy om haar verjaardag te vier.**
- **Lien begin bedel op straat. (4)**

**4.8 Sy het vir Donovan en Dirkie kom sê sy wil vroeër terugkom werk toe/sy is Moeg vir die baba en wil kom werk. Nie: haar kraamverlof is op nie. (1)**

**4.9.1 Tibbey (1)**

**4.9.2 'n Motor het Tibbey raakgery. Hy het in die lug ingevlieg en toe hy op die grond val het 'n afleweringstrok oor sy bene gery. (2 feite) (2)**

**4.10.1 B (Sy neem die rol van "moeder"oor in die huis)**

**4.10.2 C (Haar huislike omstandighede stem ooreen met Lien s'n)**

4.10.3 D (Hy laat haar baie goedkoop voel)

4.10.4 E Sy is opgeneem in 'n kliniek) (4)

4.11 B (sy stereotipeer swartmense) (1)

4.12.1 Hy het haar uitgevra na die matriekdans. (1)

4.12.2 Sy het gesê sy gaan saam met Wouter. (1)

4.13.1 Deernis *(deelvraag)* (1)

4.13.2 Lien het werklik vir Tibbey omgegee en het hom in die hospitaal gesoek. Sy het hom belowe sy gaan hom help al het sy nie geld nie/sy doen alles wat sy kon vir ander. (1)

4.14.1 Hy het gedink hy kon seks met haar hê/sy is 'n prostituut (spelling in Afr.) (1)

4.14.2 Sy was in skok en wou die bloed van haar afwas. Sproet het ook belowe hy sou haar huis toe neem/Sy het geskrik en het gedink Sproet wou haar help. (1)

4.15.1 onsuksesvol *(deelvraag)* (1)

4.15.2 Sy het weer begin drink en toe haar geld klaar was, het sy wyn probeer steel,maar sy is gevang. (1)

4.16.1 *(moet sê wat hy sonder haar hulp sou doen)* Nee, want hy het niemand in sy lewe gehad wat vir hom omgee of wat hom kon of wou help nie/hy het niks beplan vir sy toekoms nie/Lien het vir hom 'n karretjie laat maak en sonder die karretjie sou hy nie kon werk of bedel nie. (1)

4.16.2 Lien het op daardie oomblik nie 'n idee gehad wat sy sou doen om hom te help nie. Sy het self nie geweet of dinge sou regkom nie. (1)

**[35]**

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 6: PALJAS**

6.1 Toorwater (1)

6.2.1 Sy wou nooit trou nie. (1)

6.2.2 Hulle huwelik was ongelukkig, hulle het nie eers saam in een bed geslaap nie, hulle het geen liefde vir mekaar gewys nie. (1)

6.3 Emma verstaan meer as wat Katrien dink/Emma weet wat aangaan tussen Katrien en Frans (1)

6.4.1 Hy bring kos van die plaas af en wanneer hy dorp toe gaan, bring hy vir hulle kos of wat hulle ookal nodig het. (1)

6.4.2 Ja. Frans was verlief op Katrien. (1)

6.5 Sy het altyd weggehardloop die veld in. (1)

6.6.1 praat/kommunikeer. (1)

6.6.2 Wanneer Katrien vir Hendrik tee neem, het hulle niks om vir mekaar te sê nie. (1)

6.7 D (gevangeneskap) (1)

6.8 Die sirkus/Manuel met die trein (1)

6.9 Willem het met hom begin praat. (1)

6.10

- Nollie laat Emma per ongeluk val.
- Manuel kom aangestap met 'n olifant.
- Bertie gryp Emma aan die boud.
- Hendrik en Katrien baklei langs die pad. (4)

6.11 toor/wiggel/toertjies te doen/konsertina speel (1)

6.12.1 Hy is geskiet. (1)

6.12.2 Omdat Manuel anders is as die dorpsmense. Hulle glo hy is van die duiwel en hy moet doodgemaak word. (1)

**6.13.1 C (Die McDonalds se verhoudings is herstel)**

**6.13.2 A (Hy luister na skinderstories)**

**6.13.3 D (Hy vertrek met die trein)**

**6.13.4 E (Hy begin met die stories oor satanisme) (4)**

**6.14 A (komies) (1)**

**6.15.1 Hy was bang hy gaan Katrien verloor, want hy was so jaloers. (1)**

**6.15.2 Hy is die enigste man wat sy nog ooit liefgehad het en hy is ook die enigste een wat dit nie glo nie. (1)**

**6.16.1 protagonis (1)**

**6.16.2 antagonis (1)**

**6.16.3 tritagonis (1)**

**6.17.1 Vriendskap (1)**

**6.17.2 Hendrik het vir Manuel in sy huis verwelkom en het sy sak vir hom reggemaak. (1)**

**6.18.1 geskok (1)**

**6.18.2 Hulle was as gesin gelukkig en verlief en het so mooi aangetrek. Hulle het nie vir 'n oomblik gedink die dorpsmense is so teen hulle nie. (1)**

**6.19 Hendrik, want Hendrik het alles probeer regskree/raas. Dit het veroorsaak dat Willem ophou praat het. (2)**

**[35]**

**TOTAAL: 70 PUNTE**